

RUBRIEKE VIR MONDELING

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LUISTER: HUISTAAL (GRAAD 10 - 12)

LU1 Luister vir verskillende doeleindes	Kode 7 (Uitmunterend)	Kode 6 (Verdienstelik)	Kode 5 (Beduidend)	Kode 4 (Voldoende)	Kode 3 (Matige)	Kode 2 (Basiese)	Kode 1 (Ontoereikende prestasie)
Luister aandagtig na mondelinge tekste vir inligting.	<p>Interpreteer en evalueer die doel en boodskap deeglik en met insig</p> <p>Onderskei maklik en goed tussen feite en menings</p> <p>Verstaan gekompliseerde instruksies, aanwysings en prosedures deeglik</p> <p>Identifiseer hoof- en ondersteunende gedagtes baie akkuraat</p> <p>Maak deeglike, samehangende notas en opsommings</p> <p>Deeglike en insiggewende interpretasie van eksplisiete en implisiete betekenis</p> <p>Deeglik bewus van doelbewuste verwringing van betekenis</p>	<p>Interpreteer en evalueer die doel en boodskap baie goed en met insig</p> <p>Onderskei goed tussen feite en menings</p> <p>Verstaan die meeste instruksies, aanwysings en prosedures goed</p> <p>Identifiseer hoof- en ondersteunende gedagtes meesal akkuraat</p> <p>Maak samehangende notas en opsommings</p> <p>Baie goeie interpretasie van eksplisiete en implisiete betekenis</p> <p>Goeie bewustheid van doelbewuste verwringing van betekenis</p>	<p>Identifiseer die doel en boodskap en gee 'n akkurate interpretasie daarvan.</p> <p>Onderskei tussen feite en menings.</p> <p>Verstaan die meeste instruksies, aanwysings en prosedures korrek.</p> <p>Identifiseer hoof- en ondersteunende gedagtes akkuraat</p> <p>Maak taamlike samehangende notas en opsommings</p> <p>Goeie interpretasie van eksplisiete en implisiete betekenis</p> <p>Redelik bewus van doelbewuste verwringing van betekenis</p>	<p>Identifiseer die doel en boodskap en gee 'n taamlike akkurate interpretasie.</p> <p>Onderskei in die meeste gevalle tussen feite en menings.</p> <p>Verstaan die meeste instruksies, aanwysings en prosedures meestal korrek.</p> <p>Identifiseer sommige hoof- en ondersteunende gedagtes akkuraat.</p> <p>Maak taamlike samehangende notas en opsommings, maar belangrikste inligting word nie gegee nie.</p> <p>Taamlike goeie interpretasie van eksplisiete en implisiete betekenis</p> <p>Bewus van doelbewuste verwringing van betekenis</p>	<p>Geskikte identifisering van doel, maar boodskap word nie ten volle geïnterpreteer nie.</p> <p>Onderskei tussen voor die handliggende feite en menings.</p> <p>Verstaan die meeste instruksies, aanwysings en prosedures, maar het probleme met onderskeiding van onnodige inligting.</p> <p>Identifiseer hoofgedagtes, maar nie altyd ondersteunende gedagtes nie.</p> <p>Notas bevat net basiese inligting en opsomming is onvoltooid.</p> <p>Eksplisiete betekenis is gegee, maar implisiete betekenis ontbreek.</p> <p>Toon gedeeltelike bewustheid van verwringing van betekenis.</p>	<p>Selde daartoe in staat om boodskap en doel te identifiseer en te interpreteer</p> <p>Ondervind probleme om te onderskei tussen feite en menings.</p> <p>Verstaan nie altyd instruksies, aanwysings en prosedures nie, kan skaars inligting interpreteer.</p> <p>Identifiseer 'n hoofgedagte, maar nie ondersteunende gedagtes nie.</p> <p>Notas bevat net basiese inligting en opsomming is onvoltooid omdat al die belangrike inligting nie gegee word nie.</p> <p>Nie daartoe in staat om tussen implisiete en eksplisiete betekenis te onderskei nie.</p> <p>Skaars bewus van verwringing van betekenis.</p>	<p>Interpreteer boodskap en identifiseer doel met moeite.</p> <p>Onderskei met moeite tussen feite en menings.</p> <p>Verstaan skaars instruksies, aanwysings en prosedures.</p> <p>Hoofgedagtes word met moeite onderskei.</p> <p>Nie daartoe in staat om notas te maak of inligting op te som nie.</p> <p>Nie daartoe in staat om inligting te interpreteer en betekenis daaraan te gee nie.</p> <p>Nie daartoe in staat om verwringing van betekenis te herken nie.</p>

<p>Luister aandagtig na mondelinge tekste met die doel om te evalueer</p>	<p>Interpreteer oorendende -, gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering met insig.</p> <p>Uistekende en deeglike interpretasie van intonasie, stem, toon, tempo, klem en taalgebruik.</p> <p>Reageer suksesvol en omvattend op styl, toon en register.</p> <p>Grondige en oortuigende evaluering van taalvorme soos humor.</p>	<p>Interpreteer oorendende -, gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering baie goed.</p> <p>Grondige interpretasie van intonasie, stem, toon, tempo, klem en taalgebruik.</p> <p>Reageer goed op styl, toon en register korrek gevalueer.</p> <p>Baie goeie evaluering van taalvorme soos humor.</p>	<p>Interpreteer oorendende -, gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering goed.</p> <p>Goeie interpretasie van intonasie, stem, toon, tempo, klem en taalgebruik.</p> <p>Reageer goed op styl, toon en register. Toon gebreke in evaluering daarvan.</p> <p>Goeie evaluering van taalvorme soos humor.</p>	<p>Interpreteer oorendende -, gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering redelik.</p> <p>Redelike interpretasie van intonasie, stem, toon, tempo, klem en taalgebruik.</p> <p>Reageer redelik goed op styl, toon en register, maar evaluering is baie oppervlakkig.</p> <p>Redelike evaluering van taalvorme soos humor.</p>	<p>Daartoe in staat om oorendende -, gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering te interpreteer, maar foute kom dikwels voor.</p> <p>Middelmatige interpretasie van intonasie, stem, toon, tempo, klem en taalgebruik.</p> <p>Reageer toereikend op styl, toon en register</p> <p>Geskikte evaluering van taalvorme soos humor.</p>	<p>Skaars daartoe in staat om oorendende -, gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering te interpreteer, baie foute kom voor.</p> <p>Nie geskikte interpretasie van intonasie, stem, toon, tempo, klem en taalgebruik nie.</p> <p>Sukkel om suksesvol en omvattend op styl, toon en register te reageer.</p> <p>Evalueer slegs eenvoudige taalvorme soos humor.</p>	<p>Nie daartoe in staat om oorendende -, gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering te interpreteer.</p> <p>Reageer amper nie op interpretasie van intonasie, stem, toon, tempo, klem en taalgebruik nie.</p> <p>Omtrent geen reaksie op styl, toon en register nie, geen evaluering nie.</p> <p>Toon geringe kennis van taalvorme soos humor.</p>
<p>Luister krities na mondelinge tekste</p>	<p>Verstaan die logiese opeenvolging van inligting grondig en deeglik</p> <p>Maak gevolgtrekkings en uitsprake met insig, ondersteun dit met oortuigende bewyse.</p> <p>Maak aannames met insig en voorspel gevolge deeglik en akkuraat.</p> <p>Uitstaande kritiese reaksie op taalgebruik, woordkeuse, formaat en uitspraak.</p>	<p>Verstaan van die logiese opeenvolging van inligting is baie goed</p> <p>Maak goeie gevolgtrekkings en uitsprake, ondersteun dit grootliks met oortuigende bewyse.</p> <p>Maak goeie aannames en voorspel gevolge baie akkuraat.</p> <p>Baie goeie kritiese reaksie op taalgebruik, woordkeuse, formaat en uitspraak.</p>	<p>Verstaan van die logiese opeenvolging van inligting is goed.</p> <p>Daartoe in staat om gevolgtrekkings en uitsprake te maak en dit te ondersteun met bewyse.</p> <p>Maak redelike aannames en voorspel gevolge akkuraat.</p> <p>Goeie kritiese reaksie op taalgebruik, woordkeuse, formaat en uitspraak.</p>	<p>Verstaan van die logiese opeenvolging van inligting is redelik.</p> <p>Redelik daartoe in staat om gevolgtrekkings en uitsprake te maak en dit te ondersteun met bewyse.</p> <p>Maak meestal redelike aannames en voorspel gevolge redelik akkuraat.</p> <p>Redelike kritiese reaksie op taalgebruik, woordkeuse, formaat en uitspraak</p>	<p>Verstaan van die logiese opeenvolging van inligting is geskik.</p> <p>Maak middelmatige gevolgtrekkings en uitsprake, maar ondersteun dit met beperkte ondersteunende bewyse.</p> <p>Maak geskikte aannames en voorspel gevolge soms akkuraat.</p> <p>Reageer taamlik krities op taalgebruik, woordkeuse, formaat en uitspraak.</p>	<p>Het probleme met die logiese opeenvolging van inligting</p> <p>Gevolgtrekkings en uitsprake nie oortuigend, geen ondersteunende bewyse.</p> <p>Maak meestal verkeerde aannames en voorspellings.</p> <p>Reageer in geïsoleerde gevalle korrek op taalgebruik, woordkeuse, formaat en uitspraak.</p>	<p>Kan skaars logiese opeenvolging van inligting volg.</p> <p>Kan skaars gevolgtrekkings en uitsprake maak.</p> <p>Kan skaars aannames en voorspellings maak.</p> <p>Lomp en vae reaksie op taalgebruik, woordkeuse, formaat en uitspraak.</p>
<p>Luister vir sosiale doeleindes/ luister vir genot en begrip.</p>	<p>Reageer uitstaande en met insig op 'n verskeidenheid</p>	<p>Reageer baie goed op 'n verskeidenheid kommunikasie situasies.</p>	<p>Reageer goed op 'n verskeidenheid kommunikasie situasies.</p>	<p>Reageer redelik op die meeste kommunikasie situasies.</p>	<p>Reageer geskik op die meeste kommunikasie situasies.</p>	<p>Vind die moeilik om te reageer op die meeste kommunikasie situasies.</p>	<p>Reageer skaars in n kommunikasie situasies.</p>

kommunikasie situasies.						
Gebruik gepaste beurtnemingskonvensies betekenissvol en uitstaande effektief in gesprekke.	Gebruik gepaste beurtnemingskonvensies betekenissvol en effektief in gesprekke.	Gebruik beurtnemingskonvensies betekenissvol en effektief in gesprekke.	Gebruik beurtnemingskonvensies taamlik betekenissvol en effektief in gesprekke.	Gebruik beurtnemingskonvensies taamlik betekenissvol, maar nie altyd gepas.	Gebruik selde beurtnemingskonvensies betekenissvol in gesprekke.	Gebruik min beurtnemingskonvensies in gesprekke.
Vra betekenisvolle en funksionele vrae om 'n vloeiende gesprek vol te hou.	Vra baie goeie funksionele vrae om 'n vloeiende gesprek vol te hou.	Vra goeie vrae om 'n taamlike vloeiende gesprek vol te hou.	Vra genoegsame vrae om 'n taamlike vloeiende gesprek vol te hou.	Vra genoegsame vrae, maar is nie daartoe in staat om 'n gesprek vol te hou nie.	Vra selde vrae en sukkel om 'n gesprek vol te hou.	Vra skaars vrae en neem nie deel aan gesprek nie.
Reageer ten alle tye gepas d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.	Reageer effektief gepas d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.	Reageer effektief d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.	Reageer goed d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.	Reageer genoegsaam d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.	Beperkte reaksie d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.	Reageer skaars d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.
Toon 'n sensitiewe begrip van taal- en kultuurverskille en toon ten alle tye respek daarvoor.	Toon 'n werklike begrip van taal- en kultuurverskille en toon respek daarvoor.	Toon goeie begrip van die verhouding tussen taal en kultuur en toon respek daarvoor.	Toon 'n redelike begrip van die verhouding tussen taal en kultuur en toon respek daarvoor.	Toon genoegsame begrip van die verhouding tussen taal en kultuur en toon soms respek daarvoor.	Toon ontoereikende begrip van die sensitiewe verhouding tussen taal en kultuur en toon soms respek daarvoor.	Toon 'n beperkte begrip van die verhouding tussen taal en kultuur en n onsensitiwiteit daarvoor.

